DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan.

Bydraes vir die diakonie asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

Besonderhede van die rekeninge word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**.
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: Potchefstroom.

Die Diakonie sê baie dankie vir die voedselskenking wat ons anoniem van buite ons gemeente ontvang het, dit word baie waardeer en maak 'n paar gaatjies toe.

DIAKONIE SE KOSKAS

Vir die Diakonie se koskas:
Gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.

Cup a soup, min noedels, koffie, tee, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. Mieliemeel. Skottelgoedseep, toiletpapier.
(Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram).

WAT VAN 'N WARM KOPPIE TEE?

Die Susters van wyke 11 en 12 nooi almal uit om na die erediens 'n koppie tee of koffie in die kerksaal te kom geniet

Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 40, nr 22 Sondag 21 Julie 2024
Redakteur: Rudy van der Spoel **082 864 4422**
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste, kategese en Huis Eikelaan 15:30:
Ouderlinge: Wyk 5 **Nelis Coetsee** en Wyk 6 **Flip Mostert.**
Diakens: Wyk 5 **Geert Stoop** en Wyk 6 **vakant.**
TEEBEURT: Susterwyke 11 en 12 Wymie du Plessis

EREDIENSTE Albei dienste word gelei deur ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30. Eredienste ook per whatsapp
Onthou die middagdiens begin om **17:00** in die winter

OGGEND: Woordbediening: Handelinge 16:16-40.
Fokusverse: Handelinge 16:25.
TEMA: *Wie in die Here Jesus alleen glo, kan selfs in die donkerste nag 'n loflied sing.*
Sing: Psalm 68: 13, 15; Psalm 66: 1, 4, 7; Psalm 126: 1, 2, 3; Psalm 42: 1, 5; Skrifberyming 3-4: 1, 5 [65]
Bede met meelewing: Psalm 31:2, 7, 18. .

MIDDAG: Erediens om 17:00
Woordbediening: Matteus 18:15-35.
TEMA: *Vader, vergewe ons en laat ons ook vergewe.*
Belydenis: Heidelbergse Kategismus, Sondag 51, V&A 126.
Sing: Psalm 32: 1, 6; Psalm 130: 1, 2; Psalm 103: 2, 3.

Kollektes vanoggend: ***Diens van Barmhartigheid*** in die **BLOU** sakkies en in die ROOI sakkies vir die ***Trans Oranje Instituut***

Vanmiddag: ***Diens van Barmhartigheid*** ***(BLOU)***en ***Kerkkas*** ***(ROOI)***
(Volgende week se spesiale kollekte is vir die **Teologiese Studentekas)**

EREDIENS: HUIS EIKELAAN

Vanmiddag se diens by Huis Eikelaan om 15:00 word gelei deur prof Ben de Klerk. Diensdoende ouderlinge is Nelis Coetsee wyk 5 en Flip Mostert wyk 6

LIEF EN LEED OOG VIR MEKAAR

MEELEWE

Ons het Sondag met die afkondigings bekend gemaak dat **Nico Malan** in die Here ontslaap het. Hy is Donderdag begrawe. Ons bid **Leoné, Tom en Cornelia Chambers** met **Theon** en ook Nico se ander kinders en kleinkinders en geliefdes ryke vertroosting toe.

'n Swaer van **Ineke Bakker** is Woensdag oorlede. Ons bid Ineke ryke vertroosting toe en ook krag en sterkte vir die ondersteuning van haar familie met die begrafnis en ook daarná.

VOORBIDDING

Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

Ons volhard in ons voorbidding vir **Dora Reynecke** ná die beroerte-aanval wat sy gehad het. Sy het Dinsdag 'n voedingsbuis ontvang en ontvang nou rehabilitasie.

Susan Nortjé is Donderdag in Mooimed Hospitaal opgeneem en sou vanaf Vrydag in die intensiewe sorgeenheid medikasie toegedien word wat sal help in die behandeling van haar niere.

Carmie Huisman het Woensdag 'n opvolgbesoek by die chirurg gebring. Ons is saam met haar dankbaar vir die mate van herstel wat sy ontvang en bid haar volkome genesing toe.

Pieter Glöy sterk tuis aan na sy knievervanging. Hy verduur nog baie pyn en ons verseker hom en **Mabel** van ons voorbidding.

HUWELIKSHERDENKING

Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in die komende week hulle huweliksherdenkings vier. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle godsaligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe (huweliksformulier)!

VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Baie geluk aan die lidmate wat D.V gedurende die hierdie week hulle verjaardag vier! Saam met u dank ons die Here vir Sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot die eer van sy Naam!

Dag	Datum	Naam en van
So	21/07	**André Joubert,** , Wyk 7
Di	23/07	**Kylie Bartlett,** Wyk 2
Wo	24/07	**Pollie Charslund (92**. Wyk 12
Vr	26/07	**Anneke Markgraaf**. Wyk 10
Sa	27/07	**Theo van der Merwe**. Wyk 5

Bede met meelewing: Psalm 31: 2, 17, 18.

ALGEMENE AFKONDIGINGS

DAGBOEK

Dag	Datum	Tyd	Aktiwiteit	Vergaderplek
Siekebesoek, pastorale besoeke huisbesoeke volgens afspraak				
So	21/07	15:30	Erediens: Huis Eikelaan (prof Ben de Klerk)	Kapel

KATKISASIE	Sondag 21 Julie	Sondag 28 Julie
Lesrooster: **Psalmvers:** **Heidelbergse Kategismus:** **Memoriseerwerk (Gr. 1-2)**	Les 16 Skrifberyming 1-1: 7 a Sondag 43 Eksodus 20: 5	Les 17 Skrifberyming 1-1: 7 a Sondag 44
Katkisasie toesig (ouderlinge):	Graad 5 & 6: Wyk 5 Graad 7: Wyk 6	Graad 1 & 2: Wyk 7 Graad 3 & 4: Wyk 8
Hoërskoolkatkisasie	NGB. Art. 16 en Les 14	Les 15

WAT VAN 'N KOPPIE WARM TEE/ KOFFIE OM DIE KOUE TE VERDRYF?:

TRANSORANJE INSTITUUT VIR BUITENGEWONE ONDERWYS

Daar is jaarliks 'n Loslitdagprojek vir hulpverlening aan gestremde persone. Hierdie jaar word die 30jaar mylpaal op 6 September gevier.



Die tema vir 2024 is "Ek sien jou".
Die Instituut (TOIBO) verkoop loslitdagplakkers teen R20 per plakker ter ondersteuning van kinders met spesiale onderwys-behoeftes. Die kinders kan ondersteun word met onder andere: gespesialiseerde onderrig, vaardig-heidsopleiding en terapie.
Ook voedsel, klerasie, sanitêre ware, verblyf, skool-benodigdhede en vervoer.
Kontakpersoon: Alta Koekemoer, e-pos info@toibo.org.za. alta@toibo.org.za

Vandag se Spesiale Kollekte by die deure is ten bate van die Trans Oranje Instituut

GEAGTE BROERDERS EN SUSTERS.

Ek sal graag weer tweedehandse of nuwe klere wat in u kaste in ongebruik geraak het ontvang wat ek op my beurt kan uitdeel aan persone wat daarby baat sal vind.
Ek gee dit ook vir instansies waar die klerenood groot is.

Waar ek tans woonagtig is, is ek nie so maklik bereikbaar nie dus sal ek baie bly wees as u die klere by Pieter Bouwsema of Malie Wyma by die kerkkantoor sal afgee. Ek wil ook vra dat die klere skoon en heel sal wees,
By voorbaat dankie *Ina Steyn*

KERKLIKE ADMINISTRASIE

BEROEP ONTVANG

- Ds Z (Zander) van't Zand van GK Kameeldrift na GK Okahandja [Namibië]